



Kraggakamma Huisgeloof vir kleingroepe, families en stiltetyd (22 - 26 Februarie 2021)

Personalialia

Vertel mekaar van die lekkerder troues waarop jy al was?

Gebed, Lof en Aanbidding

Gee vir elkeen geleentyd om te sê waarvoor julle vir hom/haar kan bid. Bid saam.

Gespreksvrae:

SKRIFLESING: Matt 22:1-14

TEMA: God nooi jou hartlik uit na sy Seun se huweliksfees

1. Wat tref jou wanneer julle die Skrifgedeelte lees?
2. Dink jy aan die lewe saam met die Here as 'n fees? Wat beteken dit vir jou as Hy ons nou weer uitnooi na sy bruilofsfees?
3. Watter waarskuwing rig die Here hier tot ons as "kerkmense"? Het ons al iewers gedoen dit waarvan ons in Matt 22:6 lees?
4. Wie word almal die tweede maal uitgenooi na die fees? Wat wil die Here vir ons hieruit leer?
5. Is vers 12-14 nie vreemde verse nie? Wat beteken die verse vir julle?
6. Wie is jy in die gelykenis?
7. Watter opdrag gee die Here vir elkeen van ons as sy kerk in die gelykenis?

Uitsending

Hoe gaan julle mense uitnooi na die Here se bruilofsfees en ook na julle selgroep?

Gebed

Dankbaarheid is die belangrikste deel van gebed. Waarvoor gaan julle nou vir die Here dankie sê?

Info blad

Alle aankondigings verskyn op die Kommunikamma. Ons vestig julle aandag net weer op die volgende belangrike sake:

Dr Deon Els: Beroep

Dr Deon Els het die beroep na Helderberg Gemeente in Somerset-Wes aanvaar en sal op 1 April 2021 daar diens aanvaar. Sy afskeidsprek is op Sondag 14 Maart 2021. Hierdie eredienste sal, volgens regulasies, in die kerkgebou gehou word en lewend uitgesaai word. **Indien u 'n "dankie sê kontant donasie" aan die Els gesin wil maak, kan u dit by die kerk se rekening inbetaal. Toon asb net duidelik aan dat dit vir die Els familie bedoel is.**

'n Medeleraar is nodig vir Kraggakamma Gemeente. Die bedieningsbehoefte en -uitdagings is groot en ons finansies laat dit toe. Bid asb vir die beroepingsproses. Die advertensie sal in die kerkbodes van 6 en 19 Maart verskyn. U kan ook, binne die profiel wat in die advertensie verskyn, vir Niekie kontak met 'n voorstel vir 'n moontlike kandidaat.

Week van Gebed in kerkgebou

Week van Gebed is van eerskomende Maandag 22 Feb tot Woensdag 24 Feb, elke aand om 19:00 Almal welkom. Dit sal ook lewend uitgesaai word en op youtube beskikbaar gestel word om later te kyk.

Tema: In ons binnekamer.

Vanuit 'n lewende gebedsverhouding met die Here, kan ons elke dag die nuwe uitdagings van 2021 aanpak, getroos en versterk in 'n innige verhouding met Hom.

Maandag 22 Februarie 2021

Die binnekamer (Matt 6:5-8 en Dan 6:11). Ons bid vir ons gemeente.

Dinsdag 23 Februarie 2021

Die môre uur (Ps 5:4; Jes 50:4-5 en Mark 1:35). Ons bid vir ons gemeenskap.

Woensdag 24 Februarie 2021

Ons weet nie wat om te bid nie... (Rom 8:26-27). Ons bid vir ons land en die wêreld.

Dankoffer elke aand vir Diens van Barmhartigheid.

Dinsdag 23 Februarie

Voedselhulp aan PE-Noord

Dankie aan almal wat die voedselhulp projek in 2020 ondersteun het. Ons doen 'n beroep op lidmate om steeds hierdie projek te ondersteun indien dit vir jou moontlik is. Ons help weekliks ongeveer 30 gesinne met kospakkies en ander benodighede. **Kontant donasies kan in ons kerk se bankrekening gemaak word. Ons het nog net genoeg kontant om 1 of 2 keer kos te koop.** Merk donasies asb. duidelik vir PE Noord. Skenkings kan hierdie week op Dinsdag by Willie en Gaynor Swanepoel (Abeliasingel 23) afgelaai word. U kan inligting op ons webblad kry. Vir meer inligting, kontak Sonja Spies by 084 516 4925.

Nagmaal , Volgende Sondag 28 Februarie om 08:30 en 10:00

Bespreek asb jul plekke vroegtydig.

Indien jy dit so verkies, bring asseblief jou eie brood en wyn saam. Daar sal ook brood en wyn by die eredienste beskikbaar gestel word. Toon asseblief op jou besprekingsvorm aan of jy die brood en wyn wat by die eredienste voorsien word, gaan gebruik. Ons wil net naastenby getalle bepaal.